Links: Kom kuier! Die grys-en-rooi-gebou van Kunjaniwyne in die Devonvale-vallei buite Stellenbosch vang dadelik die oog. Wag tot jy die binnekant sien! Foto's: KUNJANI

Die eienaars: Paul Barth en Pia Watermeyer.

Uitsig oor vallei, wingerde rede genoeg vir 'n besoek

Al ooit gekuier by dié grys-en-rooi gebou in Devonvale net buite Stellenbosch? **Malani Venter** het onlangs by Kunjani-wyne ingeloer en só lekker gekuier, sy wou nie groet nie!

Kunjani-wyne is die jongste toevoeging tot die Bottelary-subroete van Stellenbosch. Die naam "Kunjani" (wat beteken "hallo, hoe gaan dit met jou?") is reeds 'n aanduiding dat jy hier welkom gaan voel.

Dié eenvoudige manier van groet kan tot hegte vriendskappe lei – en dis presies wat gebeur het in die geval van die landgoed se eienaars, Pia Watermeyer en haar Duitse man, Paul Barth.

Dié Suid-Afrikaanse sakevrou en Duitse entrepreneur het mekaar toevallig by 'n gemeenskaplike vriend se troue ontmoet. Hul verhouding het bewys dat met goeie wyn selfs taal- en kultuurhindernisse oorkom kan word.

Nou is Suid-Afrika Paul se tweede huis, en saam met Pia het hulle dié stukkie grond in die vallei van Devonvale omskep in 'n tuiste van Shiraz-wingerde, 'n proekamer, restaurant en vier selfsorgkothuise.

Die restaurant

Pia het die dekor behartig en maggies, sy kan maar. Die onthaalgebied is net die regte grootte vir 'n groep mense wat lekker wil kuier en ontspan. Die dekor is stylvol, maar geen stywe spul nie. Dit is terselfdertyd elegant en gemaklik.

Die uitsig oor die vallei en wingerde is een van die redes om die plek te kom besoek.

Met my besoek hier het die sjef, Lamek, kom groet. Hy en Pia het saam die spyskaart uitgewerk – van 'n verskeidenheid pizzas (wat voortreflik is), tot kaas- en vleisborde, burgers, seisoenale slaaie en nageregte.

Vir albei geld dié reël: eet lekker, eet goeie kos.

Hier is 'n voorsmakie van die geregte:

- Geroosterde eendborsie met geroosterde aspersies, aarbeie, gepekelde rooi-ui en kruie (R85);
- Gourmet-biefburger met parmaham, Camembertkaas, en tamatie-rissie-konfyt (R125);
- Die Alex-pizza met songedroogde tamatiepesto, Hugenotekaas, sampioene, ansjovis, olywe en vars roketblare (R105);
- Grenadella-meringue, vrugtemousse, gemmerkrummel en bessie-compote – voorgesit met sorbet (R80).

Neem kennis! Die restaurant is Maandae tot Sondae van 09:00 tot 17:00 oop. Dis ook op openbare vakansiedae oop.

As jy wil bespreek vir 'n groep van tien mense of meer, bespreek vooraf by restaurant@kunjaniwines.co.za. Ontbyt is op versoek tussen 09:00 en 11:00 beskikbaar.

Kom bly sommer oor

Kyk, soms hoef 'n mens nie kilometers ver te ry om vir 'n naweek weg te breek uit jou roetine nie. Danksy plekke soos Kunjani se volledig toegeruste selfsorgkothuise kan jy 'n wegbreeknaweek ervaar en steeds tuis voel. Hier is wasgeriewe vir jou wasgoed, lugversorgde slaapkamers, 'n toegeruste kombuis en gratis Wi-Fi.

Die dekor spreek weer eens van Pia se goeie smaak – elke plekkie is pragtig ingerig.

Hier is vier huisies om van te kies:

- Shiraz-kothuis – 2 slaapkamers, 1½ badkamer.
- Merlot-kothuis – 1 slaapkamer, 1 badkamer.
- Cabernet-kothuis – 1 slaapkamer, 1 badkamer.
- Stolen Chicken-kothuis – 2 slaapkamers en 2½ badkamers.

Hoeveel kos dit? Elke kothuis se prys verskil. Pryse begin by R1 520 per kothuis per nag.

Meer inligting: bookings@kunjaniwines.co.za | kunjaniwines.co.za.

Hoe kom jy daar?

Van Kaapstad via die N1 en neem afrit 39 (R304) en bly op die pad tot jy die afdraai na Kunjani-wyne sien.

Dis mos nou stylvol! Die restaurant by Kunjani-wyne buite Stellenbosch.

Kyk net hoe mooi! Die Eton Mess-nagereg (grenadella-meringue met allerlei lekkernye daarby).

Die binnekant van die Stolen Chicken-selfsorgkothuis.

Die Merlot-selfsorgkothuis.

INTRATOERE 021 975 0753
Ten volle begeleide toere. *Vliegkaartjies ingesluit.
1 * **KRUGER WILDTUIN** *18 – 26 Mei, 24 Aug – 1 Sept*
2 * **MAPUNGUPWE N.P., SUN CITY, PILANSBERG WILDRESERVAAT** *26 Mei – 1 Junie*
3 * **ETOSHA** *6 – 12 Junie*
4 * **NOORD NATAL** (St Lucia, Cape Vidal, Kosibaai, Tembe-Olifantpark, Hluhluwe, Imfolozi) *28 Julie – 3 Aug*
5 **WES- en OOS-KAAP** (Karoo N.P., Bergkwagga N.P., Addo-Olifantpark,Tsitsikamma N.P., Wildernis) *4 – 11 Okt*
X1V025A5-DB061118